

Musiekterapie

Drumming (word ingesluit in die skoolgelde)

Drumming in groepsverband gee kinders 'n gevoel van "speel" terwyl dit eintlik baie emosionele, fisiese- en kognitiewe voordele inhou.

Konsentrasie, opdrag uitvoering en 'n gevoel van eenheid as 'n groep/klas word versterk en elkeen kry geleentheid om kreatief te wees en waardering te wys vir maats se bydraes. Ritmiese spel, sang en luister is aktiwiteite wat die hele brein aktiveer en elkeen neem deel volgens sy of haar eie vermoë.

Dis lekker om musiek saam te maak!

Musiekterapie fokus op die kind se huidige vermoë van kommunikasie, self-uitdrukking en emosionele toepaslikheid en gebruik musiek aktiwiteite en improvisasies om te fokus op dit wat hy/sy kan doen en dit te versterk, eerder as om probleme reg te maak. Daardeur word die kind se wêreld verryk en lewenskwaliteit verbeter

Aangebied deur: Tannie Henda Parker